TERUGVOERVORM VIR KONSULTASIEPROSES OOR KERKHERENIGING

Naam van gemeente: .....NG Jansenville..... **Sinode: *NG Kerk in Oos-Kaapland***

Belangrik
1. Hierdie vorm word gebruik vir die terugvoering van groepgesprekke in die gemeente. 'n Kopie van die vorm word ook gebruik vir die opsomming van die gemeente se insette en kommentaar.
2. Baie belangrik: By die gemeente se opsommende vorm moet alle "rou data", maw die skriftelike terugvoering wat gekry is van al die gesprekke in die gemeente, aangeheg word.
3. Die gemeente se opsomming met die aangehegte rou data moet nie later as 31 Oktober 2007 by die sinodale kantoor wees nie. **Stuur dit aan**: Skriba SK, NGK Oos-Kaapland, Posbus 34842, NEWTONPARK PE, 6055.
4. Volledige bronne oor kerkhereniging is beskikbaar by www.ngkok.co.za/eenheid. Dit sluit ***hierdie terug-voervorm*** en die meegaande boekie, ***Konsultasie oor Kerkhereniging***, in.

A. Die gesprekke self

1. Hoe wyd is in die gemeente gesprek gevoer en kommentaar gevra oor die vier voorstelle
[Merk al die blokkies wat van toepassing is]
¨ Kerkraad
¨ Wyke
¨ Kleingroepe
* ¨ Lidmate: byeenkoms
¨ Lidmate: individueel
¨ Ander: .....

2. Is met die oog op die gesprekke sowel die Belharbelydenis as Begeleidende Brief aan lidmate beskikbaar gestel om te lees?
* ¨ Ja
¨ Nee

B. Gesprekke oor die Konfessionele Basis

Wat is die kommentaar en terugvoering wat die gemeente gegee het oor die Konfessionele Basis van 'n nuwe kerkverband?
Mening oor die voorstel?

Belhar moet weggelaat word. Baie sien dit as politieke dokument. Sommige meen dat hulle met die totale basis nie saamstem nie. Wil voortgaan op ou manier. Dog blyk dit dat Belhar die grootste struikelblok is. Daar is 'n gevoel dat die voorstel homself weerspreek.

Nuwe/ ander voorstelle?

C. Die Model

Wat is die insette uit die gemeente oor die voorgestelde model?

Mening oor die voorstel?

Daar is diegene wat van mening is dat die kerk ‘n regspersoon in sigself moet bly en hulle verantwoordelikhede behou wat besluitneming en bediening betref. Sinode moet nie aan gemeente voorskryf wat en hoe dinge gedoen moet word nie. Hulle is oor die algemeen gekant teen ‘n nuwe algemene sinode. Punt 2 word wel goed ondersteun. Daar is wel lidmate wat met die voorstel in sy geheel verskil.

Wat moet by die voorstel bygevoeg/ weggelaat word?

Nuwe/ ander voorstelle?

D. Gesamentlike projekte

Watter bydraes is daar in die gemeentegesprekke gelewer oor die voorstelle vir gesamentlike projekte?

Mening oor die voorstel?

Meeste stel glad nie belang nie.

Wat moet by die voorstel bygevoeg/ weggelaat word?

Nuwe/ ander voorstelle?

E. Versoeningsprosesse

Die voorstelle oor versoening handel veral oor die konflikte in gemeentes van die NGKA en die VGKSA. Dit raak egter ook die NG Kerk:

Mening oor die voorstel?

Meeste voel negatief hieroor. Daar is tog ‘n klein deel wat voel dat so iets nodig is en baie sinvol sal wees. Sommige meen dat ons reeds uitreik, en dus nie ‘n probleem met versoening het nie.

Wat moet by die voorstel bygevoeg/ weggelaat word?

Nuwe/ ander voorstelle?

F. Moontlike naam van ’n nuwe kerkverband

Indien daar in die gesprekke spesifieke menings of voorstelle ten opsigte van ’n naam vir die nuwe kerkverband na vore gekom het, gee dit asseblief hieronder weer:

.....

.....

.....

Indien daar inligting is wat nie in die gegewe blokkie kon inpas nie, of ander sake wat u sou wou noem, kan u dit aan hierdie vorm heg.

Baie dankie vir u deelname en aandeel!!

Stuur hierdie vorm voor 31 Oktober 2007 aan: Skriba SK, NGK Oos-Kaapland, Posbus 34842, NEWTONPARK PE, 6055